

ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

DIE LIKWIDASIE EN DISTRIBUSIE VAN DIE BOEDEL

Die finale doelwit van boedelberedding is om die afgestorwene se boedel te gelde te maak (likwieder) en die fondse wat daardeur bymekaar gemaak word onder die skuldeisers en erfgename te verdeel (distribueer). Hierdie twee aktiwiteite word dan ook in die vorm van 'n likwidasierekening (L&D) opgestel wat in wese dus die totale beredding van die boedel reflekteer. Die L&D is eerstens 'n uiteensetting van al die afgestorwene se bates en ook die waardes daarvan, hetsy dit daarteen verkoop is of daarteen waardeer is. Tweedens word elke krediteur daarin gespesifiseer met die bedrag waarop die krediteur aanspraak maak daarnaas aangedui. Derdens word die verdeling van die restant teenoor elke erfgenaam aangetoon. In die finale instansie word die berekening van die eksekuteursfooie en die boedelbelasting in die laaste gedeelte van die L&D-rekening gedoen.

Die L&D verteenwoordig ook die eksekuteur se werk en daarom moet dit in 'n sekere voorgeskrewe struktuur opgestel word. Dit word dan ook in hierdie formaat aan die Meester van die Hooggeregshof vir finale aanvaarding voorgelê.

Opskrif

Die opskrif beskryf eerste die volgorde van die L&D naamlik of dit die eerste, tweede of finale L&D is. Daarna verskyn die volle name van die afgestorwene, sterfdatum en ook sy ID-nommer. Die huwelikstatus en die huweliksmaat se besonderhede moet ook volledig aangetoon word. Hoewel dit nie verpligtend is nie, verskyn sy laaste woonadres en sy beroep ook in die opskrif.

Geldkolom

'n Boedel bestaan uit 'n lys van bates en laste van die afgestorwene. Dit is daarom logies dat die L&D 'n kolom bevat waarin die waarde van die bates en laste aangetoon word.

Likwidasierekening

Die likwidasierekening bevat die bates van die boedel. Elke bate word aangetoon met 'n volgnummer daarnaas en ook die waarde daarvan, soos in die geldkolom aangetoon. By elke bate moet daar ook aangetoon word of daar direkte lenings of eise teen die spesifieke bates is. Die bate-afdeling word verdeel tussen onroerende en roerende bates. Bates wat onderhewig aan 'n vruggebruik gaan wees word nie hier aangetoon nie. Die volgnummer verwys na bewysstukke wat by die L&D as staving vir die waardes aangeheg word. Onderaan elke bate moet daar ook 'n nota aangebring word oor hoe die eksekuteur van plan is om die bate te likwieder.

Nadat die bates aangetoon is, moet die laste teen die boedel in die volgende volgorde aangetoon word:

- Administrasiekoste om die boedel te beredder (advertensiekoste, waardasiekoste, eksekuteursfooie, ens);

- Die gewone krediteure wat aan wie die afgestorwene in lewe bedrae geskuld het;
- Bedrae wat in terme van boedelbelasting verskuldig is.

Die totale waarde van die laste word nou van die totale waarde van die bates afgetrek sodat die netto waarde van die boedel bereken kan word. Die verskil is dan vir verdeling beskikbaar en word na die distribusierekening oorgedra.

Rekapitalisasiestaat

As die boedel solvent is, maw bates is meer as laste, is dit nie vanselfsprekend dat die laste betaal kan word nie. Eiendomme wat na erfgename oorgedra moet word genereer nie kontant nie en daarom is die doel van die rekapitalisasiestaat om vas te stel wat die kontantsituasie van die boedel is. Alle kontantbates van die boedel of kontant wat uit die verkoop van bates gerealiseer word, word as krediete gelys terwyl die laste en kontantlegate as debiete gelys word. As daar 'n tekort is, moet die eksekuteur aantoon hoe hy van plan is om die tekort aan te vul.

Distribusierekening

Hierdie rekening open met die bedrag wat vir verdeling beskikbaar is, soos in die likwidasierekening bereken. Die verdeling word dan gedoen deur elke erfgenaam se volledige besonderhede (naam, ID-nummer, huwelikstatus in geval van 'n vrou, ens) te verskaf en spesifiek aan te toon wat elkeen erf, byvoorbeeld 'n kontantbedrag van R200,000 of die plaas "Tweefontein", titelakte 7/102 of 100 gewone aandele in die boerdery-maatskappy "Skelmwater (Edms) Bpk". Bates wat na 'n trust oorgedra word moet ook hier aangetoon word.

Inkomste- en uitgawerekening

As die boedel enige verdere inkomste genereer het, byvoorbeeld rente verdien of landbouprodukte verkoop, word dit as 'n inkomste getoon en enige uitgawes wat ontstaan het, soos stroopkoste van 'n oes, word daarteen afgetrek. 'n Balans op die inkomste- en uitgawerekening word onder die erfgename verdeel in dieselfde verhouding as die verdelingsrekening.

Fidusiêre bates

As daar enige bates is waarop daar 'n fidusiêre reg soos 'n vruggebruik gaan wees, moet dit in hierdie afdeling aangetoon word.

Boedelbelasting

Die boedelbelasting word deur middel van 'n addendum tot die L&D aangetoon. Boedelbelasting word op die netto waarde van die boedel berekening, maw bates minus laste. Daarna word alle kortings afgetrek soos die primêre korting (tans R1,500,000) of Artikel 4Q aftrekkings (skenkings aan gades of trusts van minderjarige kinders). Die oorblywende deel sal teen 'n koers van 20% belas word.

Eksekuteursertifikaat

Die L&D word gefinaliseer deur middel van 'n sertifikaat wat die eksekuteur uitreik waarin hy verklaar dat die L&D na se beste wete 'n getroue weergawe van die administrasieproses en die verdeling van die boedel is. Hierdie rekening word dan, tesame met al die bewysstukke, aan die Meester van die Hoogeregshof voorgelê. By aanvaarding daarvan kan die L&D nou vir insae by 'n landdroskantoor beskikbaar gestel word. Nadat daar dan aan al die voorgeskrewe vereistes voldoen is kan die verdeling plaasvind en is die boedel afgehandel.

Soos reeds vantevore in hierdie rubriek gesê is, is die beredderingsproses 'n regstegniese proses wat ongelukkig tyd in beslag neem. Die L&D is gewoonlik 'n finansiële weergawe van wat met die boedel gebeur het. Dit is dus raadsaam dat die erfgename dit onder oë neem en gemoedsrus het van die likwidasië- en distribusieproses.

In die volgende uitgawe verskyn die laaste artikel in hierdie reeks oor erfopvolging. 'n Samevatting van die hele proses sal dan verskaf word.

Hierdie reeks artikels oor erfopvolging gaan binnekort in boekvorm gepubliseer word. Lesers wat in so 'n boek belangstel kan hulle name en kontakbesonderhede nou reeds aan Dr Philip Theunissen verskaf per e-pos by philip@computus.info en per faks of telefoon by (058) 3039640.

BETHLEHEM
Maart 2005